**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**VRAESTEL 1**

| | |
|---|---|
| **Graad 11** | **Junie 2014** |
| **Tyd: 2 uur** | **Punte:80** |

---

## INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
   **Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Slattery, Bothma, Gilbert.**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

## AFDELING A: Leesbegrip

### Vraag 1

### Teks A: Vingerafdrukke: die wonderwêreldtjie aan jou vingertoppe

**Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord dan die vrae wat volg.**

Die voornemende (prospective) dief sluip in die maanlig na die baksteenkleurige huis op die hoek van die straat. Hy klim versigtig oor die heining, maar loop ongeërg deur die tuinakkers op pad na een van die vensters aan die sykant van die huis. Hy trap diep spore in die nat klei. Dit het vroeër in die nag gereën.

Die venster staan op 'n skrefie oop en daar is geen diefwering voor nie. Dit is vir die booswig (kriminee!) maklik om met sy een hand teen die vensterruit te druk en met die ander hand die skroef op die glybalkie (hinge) oop te draai sodat hy die venster wawydoop kan maak. Hy klim deur die venster. Nou kan hy na hartelus steel...

Die volgende dag word die diefstal van baie van hul besittings deur die geskokte huisbewoners aangemeld(gerapporteer), wat daardie nag uitstedig was en nie in hul huis geslaap het nie. Die polisie word soontoe ontbied. Hulle begin met hul ondersoek. Die spore in die tuin trek wel die polisie se aandag, maar dit lyk of hulle straks (probably) 'n groter belangstelling toon in die venster waar die dief ingeklim het.

Hoekom? Wel, die skelm het skoene gedra en daar moet baie ander skoene wees waarvan die afdrukke presies met dié van syne ooreenstem. Maar die vingerafdrukke wat die dief op die vensterruit gelaat het, is uniek. Trouens, daar is geen mens in die hele wye wêreld wat nog leef of ooit gelewe het wie se vingerafdrukke in alle opsigte (identies) soos syne is nie.



Só kan die polisie dan hul rekords van vingerafdrukke nagaan en, as hulle die dief s'n op rekord het, weet hulle presies wie hy is. Of as hy 'n eerste oortreder (offender) is, kan hulle die vingerafdrukke aan die venster en syne met mekaar vergelyk sodra hulle hom as die verdagte (suspect) aangekeer het. Dit is 'n onomstootlike feit dat vingerafdrukke nie kan lieg nie. Hierdie waarheid word ook oral in die geregshowe (courts) aanvaar.

Interessant genoeg is unieke afdrukke van liggaamsdele nie slegs eie aan die mens nie. Die neusafdrukke van honde word byvoorbeeld gebruik om honde te identifiseer net soos vingerafdrukke gebruik word om mense te eien. Vroeër is pootafdrukke gebruik om ons blaffende vriende uit te ken, maar dit is nie so akkuraat as neusafdrukke nie.

Hoe ook al, 'n mens kan tereg wonder wat vingerafdrukke eintlik is, hoekom geen twee mense s'n dan dieselfde is nie en presies hoe hulle volgens patrone geklassifiseer word. Die bestudering en die neem van vingerafdrukke is immers 'n baie interessante studieveld.

1.1. Hoe beweeg die dief in die straat ? Haal 1 woord aan. (1)

1.2. Wat het die dief in die nat klei agtergelaat ? Haal 2 opeenvolgende woorde aan. (1)

1.3. Noem 2 feite wat vir ons sê dat die huiseienaars nie baie veiligheidsbewus was nie. (2)

1.4. Die dief kon steel net waarvoor hy lus was.

1.4.1. Stem jy saam met hierdie stelling ? Ja/Nee ? (1)

1.4.2. Motiveer jou antwoord op 1.4.1. deur 'n sinsnede van 6 opeenvolgende woorde aan te haal. (1)

1.5. By wie dink jy is die diefstal van hul besittings aangemeld ? (1)

1.6. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (1.6) en die letter (A-C) neer.

Die dief loop ongeërg deur die tuinakkers (paragraaf 1).

Wat beteken hierdie stelling ?

A. Hy loop versigtig deur die tuin
B. Hy loop op sy gemak deur die tuin.
C. Hy loop vinnig en stil deur die tuin. (1)

1.7. Sê in jou eie woorde waarom die skoenafdrukke nie vir die polisie van groot belangstelling sou wees nie ? (1)

1.8. Haal 2 opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê hoekom die dief se vingerafdrukke 'n baie beter leidraad is vir die polisie. (1)

1.9. Waar sal die polisie kyk om te sien of die dief se vingerafdrukke op rekord is ? Haal 3 opeenvolgende woorde aan. (1)

1.10. Vingerafdrukke is onomstootlike bewyse (evidence).

1.10.1 Is die stelling 'n FEIT of 'n MENING ? (1)

1.10.2. Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1. deur 5 opeenvolgende woorde aan te haal. (1)

1.11. Unieke afdrukke van liggaamsdele is nie net van betrekking tot mense nie.

1.11.1. Stem jy saam met die stelling ? Ja/Nee ? (1)

1.11.2. Haal 'n frase van 7 opeenvolgende woorde aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.12. Watter afdrukke van honde is meer betroubaar ? (1)

(16)

**Teks B: Vingerafdrukke gebruik om klasbankers vas te vat.**

**Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord dan die vrae wat volg.**

# Vingerafdrukke gebruik om klasbankers vas te vat

Deur: Christal-Lize Thomas 2012-01-26 08:02

Bloemfontein – Kovsie-studente wat dink hulle gaan voortaan maklik klasse misloop sonder dat enigiemand agterkom, moet weer dink.

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) het 'n splinternuwe vingerafdruk-registrasiestelsel om boek te hou van wie die klasse bywoon en wie nie.

Lacea Loader, UV-woordvoerder, sê swak klasbywoning lei tot swak prestasie (achievement).

Al is klasbywoning nie in hierdie stadium verpligtend (compulsory) nie, is daar in vier fakulteite toetse gedoen deur studente te verplig om sekere klasse by te woon (attend).

Dit het gewys klasbywoning verbeter wel studente se prestasie.

"Klasbywoning en aktiewe leer is ook wyd nagevors en die resultate het getoon dat die studente wat klas bywoon hoër vlakke van akademiese prestasie bereik."

Met die nuwe vingerafdruk-stelsel wil die universiteit studente se klasbywoning en gevolglik ook hul prestasie verbeter.

Loader sê met die nuwe registrasiestelsel word die afdruk van elke student se regterwysvinger opties in die universiteit se studente-databasis gestoor.

'n Biometriese leser vir vingerafdrukke gaan nou in klasse omgestuur word om studente se klasbywoning elektronies te neem.

Dosente sal op hul rekenaars die klasbywoningsrekords van hul studente kan dophou.

Gaan klasbywoning verpligtend word?

Oor dié vraag is die UV steeds vaag.

http://m.news24.com/nuus24/Suid-Afrika/Nuus/Vingerafdrukke-gebruik-om-klasbankers-vas-te-vat-20120126

2.1. Gee die naam van die joernalis wat die verslag geskryf het. (1)

2.2. Haal 1 woord aan wat die bynaam is vir die Universiteit van die Vrystaat. (1)

2.3. Watter woord in paragraaf 1 beteken dieselfde as: in die toekoms ? (1)

2.4. Waarmee gaan die Universiteit van die Vrystaat boekhou van wie klas bywoon en wie nie ? Haal 3 opeenvolgende woorde aan. (1)

2.5. Gee die afkorting vir Die Universiteit van die Vrystaat. (1)

2.6. Wie is die woordvoerder van die Universiteit van die Vrystaat ? (1)

2.7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A-C) neer.

2.7.1. Volgens die woordvoerder van die Universiteit van die Vrystaat lei swak klasbywoning tot swak prestasie. Dit beteken dat:

A. Die klasse by die Universiteit van die Vrystaat swak is.
B. Die studente te lui is om te leer en swak doen.
C. Die studente wat min klas toe gaan nie goed doen nie. (1)

2.7.2. Wat is die Universiteit van die Vrystaat se doel met die nuwe vingerafdruk-stelsel ?

A. Om studente meer dikwels in hul klasse te kry.
B. Om studente se vingeradrukke op die studente-databasis te stoor.
C. Om studente te kry om dié vraag te beantwoord. (1)

2.8. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en haal elke keer aan om jou antwoord te motiveer.

2.8.1. Al die fakultieite by die Vrystaatse Universiteit het toetse gedoen om te sien of klasbywoning studente se prestasie sou verbeter. (2)

2.8.2. Die Universiteit van die Vrystaat het alreeds besluit dat klasbywoning verpligtend gaan wees. (2)

2.9. Watter vinger se afdruk gaan die Universiteit gebruik om in die studente-databasis te stoor ? (1)

2.10. Wat noem ons die 'onderwysers' op universiteit ? Haal 1 woord aan. (1)

(14)

**Sub-totaal Afdeling A: 30**

## Afdeling B : Vraag 3: OPSOMMING

- **Lees die onderstaande artikel.**
- **Som die artikel in 7 hoofgedagtes op.**
- **Jou opsomming moet puntsgewys van nommer 1 – 7 geskryf word.**
- **Elke punt moet in 'n goeie volsin geskryf word.**
- **Laat 'n reël oop tussen punte.**
- **Jou opsomming moet nie meer as 70 woorde beslaan nie.**
- **Skryf die ware aantal woorde neer wat jy gebruik het.**

## Hopelik sal vingerafdrukke help om 'n 8-jarige dogtertjie se dood te verklaar.

SAN FRANCISCO (Reuters) – Vingerafdrukke en DNA bewyse van die Noord-Kaliforniëse huis waar 'n 8-jarige dogter oor die naweek deur 'n indringer doodgesteek is, is na 'n misdaad-labratorium gestuur terwyl speurders die identiteit van 'n verdagte probeer opspoor.

Frances Leila, agt jaar oud, was Saterdagaand saam met haar 12-jarige broer by die huis toe sy vermoor is. Die moord het die gemeenskap van die dorpie Valley Springs diep geskok. Baie van die dorp se inwoners los hulle deure ten alle tye oopgesluit.

Frances se broer het vir die polisiediens gesê dat hy en sy suster in die huis was toe hy 'n indringer gehoor het. Hy het die man wat weggehardloop het vlugtig in hulle sitkamer gesien. Hy het toe gaan kyk waar sy suster was, en haar beseer in haar slaapkamer gevind.

Die seun het onmiddellik sy ouers, wat by 'n voetbalwedstryd was, gebel, en reguit daarna 911 gebel. Sy ouers het ook 911 gebel. Frances is per ambulans hospitaal toe gejaag waar sy dood bevestig is. 'n Lykskouing het Maandag verklaar dat sy dood is van "skok en bloeding as gevolg van heelwat steekwonde" Die adjunk-lykskouer, Sean Morton het gesê dat hy niks kon sê omtrent die moordwapen nie.

Die slagoffer se ouers het Maandagaand saam met die distrik-bevelvoerder, Graham Kriek, by 'n perskonferensie verskyn om die media aan te spreek. Hulle was te ontsteld om te praat. Kriek het gesê: "Ons sal nie rus totdat die persoon wat verantwoordelik is vir die daad in-hegtenis geneem is nie."

Toe Kriek gevra is of die 12-jarige broer 'n moontlike verdagte was, het hy gesê: "Hy word nogsteeds ondervra." Ten minste twee bure het vir Kriek gesê dat hulle 'n vreemdeling, wat die broer se beskrywing van die man pas, by die straat naby Leila se huis, teen omtrent die tyd van die moord, by die straat sien afhardloop het.


Die verdagte word beskryf as 'n lang, gespierde wit of Spaanse man met skouerlengte grys hare, geklee in 'n swart langmou-hemp en 'n blou langbroek, het sersant Hewlitt gesê. Vingerafdrukke en DNA bewyse is Dinsdag na die staat labratorium gestuur vir analise. Hewlitt het gesê hy kon nie sê watter DNA bewyse of waar in die huis dit gevind is nie.

(10)

**Afdeling C: TAAL**

**Vraag 4: Woordstrukture:**

**Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.**



Hulle dink dit was ek wat die vloer natgemaak het,
hulle het nie eers die DNA getoets nie.

**Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies / of voltooi die sinne.**
**Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.**

4.1. Die groter hond se stert staan (baie orent). (Intensiewe vorm) (1)

4.2. Die kleiner hondjie is vet en sy magie is (baie rond). (Intensiewe vorm) (1)

4.3. Die groter hond is mal oor die water en swem soos 'n ____________ . (Vergelyking) (1)

4.4. Die familie besit ook 'n kanarie en sy sing soos 'n ______________ . (Vergelyking) (1)

4.5. Daar is ook ander toetse wat gedoen kan word om te bevestig watter hond die vloer natgemaak het, (gee die afkorting vir: naamlik) ___________, neusafdrukke. (1)

4.6. Die meeste (gee een woord vir: mense wat in Suid-Afrika woon) ____________ het troeteldiere. (1)

4.7. Die hond se eienaar loop (gee een woord vir sonder kouse of skoene) __________ in die huis rond. (1)

4.8. Party wrede mense hou hulle troeteldiere in (hok). (Meervoud) (1)

4.9. Altwee honde se (gesig) lyk kwaad. (Meervoud) (1)

4.10. Die honde het baie (speelding). (Meervoud) (1)

4.11. Die (buurman) aan altwee kante van die huis het ook honde. (Meervoud) (1)

4.12. Die groot hond het 'n klein (stert). (Verkleinwoord) (1)

4.13. Toe die twee honde klein (honde) was, het hulle gereeld die vloer natgemaak. (Verkleinwoord) (1)

4.14. Die hond se eienaar is kwaad __________ hom omdat hy die vloer natgemaak het. (Voorsetsel) (1)

4.15. Die gesin is so lief vir hulle honde, dat hulle saam gaan wanneer die gesin ______ vakansie gaan. (Voorsetsel) (1)

(15)

## Vraag 5. Sinskonstruksie

Die taalvrae wat volg is op die onderstaande prentjie gebaseer.




**"Barbara, stuur hierdie voorstelle onmiddellik na die vingerafdruk labratorium toe!"**

### 5.1. Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:

5.1.1. Die baas hou nie van al die voorstelle nie. (2)
5.1.2. Barbara moet die voorstelle dadelik na die vingerafdruk labratorium stuur. (2)
5.1.3. Hy staan en praat met Barbara. (2)

### 5.2. Skryf die volgende sinne oor in die toekomende tyd.

5.2.1. Barbara is verbaas met haar baas se reaksie op van die voorstelle. (2)
5.2.1. Hy het die uitslae van die labratorium. (2)

### 5.3. Stel vrae sodat die onderstreepte gedeelte die antwoord is.

5.3.1. Die onwelkome voorstelle word <u>na die labratorium</u> gestuur. (2)
5.3.2. Die voorstelle word <u>vir vingerafdrukke</u> getoets. (2)

**<u>5.4. Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm.</u>**

5.4.1. Óf die baas óf Barbara weet wie die onwelkome voorstelle ingedien het. (2)
5.4.2. Skeur die voorstelle op! (2)

**<u>5.5. Verbind die sinne soos aangedui.</u>**

5.5.1. Hy hou nie van die voorstelle nie. Hy wil weet wie hulle ingedien het. (daarom) (2)
5.5.2. Die voorstelle is veronderstel om anoniem te wees. Hy wil weet wie hulle ingedien het. (maar) (1)
5.5.3. Hulle vingerafdrukke is op die data-basis. Hy sal weet wie die mense is. Begin met: As.... (2)

**<u>5.6. Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede.</u>**

5.6.1. Die labratoriumwerker sê: " Nie een van die vingerafdrukke pas by ons data-basis nie." (2)
5.6.2. Barbara vra vir haar baas: "Is jy seker?" (2)
5.6.3. Die baas vra vir Barbara: "Hoeveel voorstelle is daar?" (2)

**<u>5.7. Skryf die volgende sinne oor in die lydende vorm.</u>**

5.7.1. Die werknemers plaas <u>die voorstelle</u> in die voorstelboks. (2)
5.7.2. Die baas sal <u>die voorstelle</u> elke week lees. (2)
5.7.3. 'n Labratratoriumwerker het nie <u>die vingerafdrukke</u> opgespoor nie. (2)

(35)

(Sub-totaal vir afdeling C: 50 → 40) (40)

**Groottotaal:80**